

Wesens Wat van die Genade Verval het.



Exo 32:32! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!

Exo 32:33 Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, **dié sal Ek uitdelg uit my boek.**

Eseg 18:24 Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe (Verlore)

Voorbeelde van wesens wat van die genade, van GOD verval het !!!

Die vraag word dikwels gevra of iemand wat Jesus as Saligmaker aangeneem het en weergebore is, sy saligheid kan verbeur en hel toe gaan? Die Woord van God is die Hoogste gesag - Laat die Woord spreek.

1 Joh 2:1 My kinders, hierdie dinge het EK aan julle geskrywe dat julle nie moet sondig nie. En as iemand gesondig het, ons het 'n VOOR-SPRAAK by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. (Ons Advokaat)

1Joh 1: 9 As ons ons sondes bely, HY is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1 Joh1: 7 Maar as ons in die Lig wandel soos Hy in die Lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die **BLOED van Jesus Christus**, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Wanneer ons, ons sin vir geregtigheid verloor, en die vyand besig is om die oorhand oor ons te kry, dan BELY ons net ons oortreding en roep om genade, en ons "ADVOKAAT" Jesus neem onmiddelik ons saak oor. Hy is die Regverdige EEN.

VERSTAAN MOOI !!! Wanneer 'n gelowige sondig dan verloor hy nie dadelik sy plek in die familie nie, maar hy verloor sy gemeenskap. Wanneer 'n christen egter VOLHARD in die sonde kan hy die Heilige - Gees UITBLUS en die onvergeeflike sonde doen. (Matt 12:32 \ Mark 3:29 \ Luk 12:10) Dan kan hy nooit weer herstel word nie !!!

DIE WYNSTOK JOH 15 !!! DIE WINGERDSTOK = GEESTELIKE VOORREGTE !!!

Joh 15:1 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.

Joh 15:2 Elke loot wat in My **nie vrug dra nie, neem Hy weg**; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.

Joh 15:3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.

Joh 15:4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. (Die ewige Hel die Poel van VUUR)

Baie duidelik stel Jesus dit in vers 2 ; Dat elke loot wat nie vrug dra nie neem Hy weg. "Die keuse berus by die loot of hy in die WYNSTOK (JESUS) wil bly aldan nie" Dit is onmoontlik vir enige loot om te kan bly voort bestaan onafhanklik buite die WYNSTOK. Hy is verdroog sonder vrug en sonder lewe. Dit is die WYNSTOK wat die LEWE gee. (Joh 14:6 (b) EK- "JESUS" is die weg en die waarheid en die LEWE".

Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die LEWE; wie in My glo, sal LEWE al het hy ook gesterwe;

PETRUS VERDUIDELIK !!!

2Pet 2:20 Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.

2Pet 2:21 Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.

Petrus praat hier van mense wat GERED IS, gewederbaar en die liefde, blydschap en vrede van die Here eenmaal deelagtig geword het. Word nou weer deur die sonde vasgevang en oorweldig.

Vers 22(b)...Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol. "**Wat n verskriklike stelling**"

As hulle oorweldig word, beteken dit hulle het nie berou gekry en teruggegaan na Jesus Christus toe nie. NOU, Petrus sê dit is erger om GOD te leer ken, en dan van HOM af weg te draai as om HOM nooit te ken nie. Dit is beter om nooit gered te word nie as om die gawe van die ewige lewe te ontvang, en dit dan weer te verwerp.

Jesus: Aan die gemeente van Efese Opb 2: 4 Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Vers 5; Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.

JUDAS !!! (Nie Iskariot nie)

Jud 1:12 Hulle is skandvlekkie in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam fees hou en hulleself voer, waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, **twee maal gestorwe, onworteld;**

Jud 1:13 woeste golwe van die see wat hulle eie skandes laat opskuim, dwaalsterre vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word.

Om twee maal (te) "gestorwe het", **beteken dat hulle eens op 'n tyd dood was toe hulle sonder Christus was.** Hulle het toe die LEWE ontvang deur Hom aan te neem, en toe weer gesterf toe hulle vir altyd Sy weë verlaat het.

By die Wittroon oordeel; Opb 20:11-15 Sal baie mense hulself probeer verdedig.

Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

WEER uit die mond van JESUS !!!

Luk 6:46 En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Daar is miljoene mense vandag wat SY Naam bely, maar vir ewig verlore is.

GOD WELBEHAAGLIK WEES !!!

Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;

Heb 11:5 Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.

Die mens kan GOD Behaag, en jy kan Hom ook MISHAAG !!
Kom ons kyk net kortliks na die verskil tussen Saul en Dawid. Beide

was koning oor Israel. Beide was deur die Here aangewys. Beide het gesondig. Menslik gesproke was Dawid se sonde groter as Saul se sonde. Maar Dawid vind genade en vergifnis. Psm 51 "Dawid se erkenenis en belydenis voor God het die verskil gemaak sy gebroke hart en verslae gees, terwyl die Gees van die Here Saul verlaat, en hy sterf op die gebergte van Gilboa as 'n selfmoordenaar. 1Kron 10:4 (b) Daarop neem Saul sy swaard en val daarin.

1 Kron 10:13 En Saul het gesterwe weens (1) ontrou wat hy teen die HERE begaan het, weens (2) die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; en ook omdat (3) hy **die gees van 'n afgestorwene** om inligting gevra het,

"Saul het nooit weer na GOD teruggekeer nie." Die verskil; Dawid het berou oor sy sonde gehad en was 'n bekommerde man.

Psa 38:18 (b) Ja, my ongeregtheid bely ek, **ek is bekommerd oor my sonde.**

Jak 4:6(b) God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee HY genade.

GEESTELIKE HOOGVERRAAD !!!

Hoewel die groot meerderheid teruggevallenes, die wat uit die genade verval, het weer na die Here kan terugkom en hulle lewe herstel word, is daar diene wat nooit weer kan terugkom nie. Dit is hulle wat geestelike hoogverraad gepleeg het. Hulle het die Here Jesus die enigste verlosser verloën en verwerp, en sodoende verraad gepleeg.

Geestelike hoogverraad kan net deur Christene gepleeg word.

Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Dit is ook 'n terugkeer na Judaïsme "Die Wet" Gal 5.

Hierdie mense verwerp Jesus Christus doelbewustelik en maak Hom openlik tot skande. Daardeur kruisig hulle Hom weer en maak self die pad na herstel TOE, omdat hulle die enigste weg van verlossing verwerp het.

Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,

Heb 10:27 **maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed** wat die teëstanders sal verteer.

Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuie van twee of drie;

Heb 10:29 **hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?**

Hierdie persoon is deur die BLOED van die van die Nuwe Testament geheilig. Dit is 'n voldonge feit, maar nogtans vertrap hy die SEUN van GOD. Ag die BLOED onrein en smaad die Gees van genade. Hierdeur verwerp hy die MIDDELAAR van die Nuwe Testament.

Die Israeliete wat in opstand teen Moses gekom het, die middelaar van die Ou Testament, hoogverraad gepleeg het, is summier om die lewe gebring. Hoeveel swaarder straf sal hulle nie kry wat doelbewus-telik TEEN JESUS CHRISTUS "HOOGVERRAAD PLEEG NIE"

INTERESSANTE GREEP UIT DIE GESKIEDENIS !!!

Ons gaan terug na ons stamland Nederland, waar daar in die begin van die sewentiende eeu 'n geweldige stryd aan die gang was, aan die teologiese kweekskool te Dordrecht. Daar was onder andere twee professore by name GOMARIS en Jacobus ARMENIUS. Hierdie twee professore het teenoorgestelde oortuigings aangaande die uitverkiesing gehad.

GOMARIS was 'n uitgesproke uitverkieser, terwyl ARMENIUS 'n sogenaamde doopsgeesinde was. Omdat die opvatting van die uitverkiesers die doop van suigeling noodsaaklik gemaak het, was dit met die ander party net andersom gesteld. GOMARIS het natuurlik sy studente geleer volgens sy oortuigings, terwyl ARMENIUS weer ewe getrou sy sienswyse aan sy studente oorgedra het. (1560 - 1609)

Dit het nie lank geduur nie of die hele skool was in twee kampe verdeel, GOMARISTE en ARMENIANE.

Die twis het uitgebrei na die predikanteliggaam, en hulle het op hul beurt kant gekies. Die kerkrade was naderhand verdeel, en die geskil het uiteindelik deurgedring tot by die volk.

Aan die hoof van die regering was daar in daardie dae 'n ou man van 72 met die naam VAN OLDEN BARNEVELDT. Hy het die ampstitel van STAATSPENSIONARIS gedra. Hy het met sy kabinet die kant van ARMENIUS gekies, terwyl die leerstafhoof met sy personeel weer vir GOMARIS was. So erg het dit gegaan dat 'n burgeroorlog gedreig het.

Die leer gryp toe in.

VAN OLDEN BARNEVELDT word onthoof, en 95 doopsgeesinde predikante word uit die land verban. En toe al die opposisie verwyder is

word die sinode saamgeroep, en uit hierdie reeks vergaderings word daar gebore die drie leerstukke van die kerk, nl. die Heidelbergse kategismus, die twaalf artikels en die Dorste leerreëls. Hierdie stukke is finaal goedgekeur en gepubliseer in die jaar 1617.

Die Dorste leerreëls het hoofsaaklik GOMARIS se siening van die uitverkiesing omskryf. Vyf-en-dertig jaar later stig Jan van Riebeeck die eerste volksplanting aan die Kaap. In 1657 kom die eerste vryburgers, saam met hulle die eerste predikante.

So het dit dus gebeur dat ons vandag nog in Suid-Afrika 'n oorheersende UITVERKIESINGSELEMENT het.

Bogenoemde is nie bedoel as kritiek nie, maar slegs 'n stukkie geskiedkundige informasie.

In die vierde eeu het Augustinus en Pelagius 'n meningsverskil oor hierdie saak gehad. Augustinus het geglo dat iemand wat gered is, nooit weer kan verlore gaan nie, terwyl Pelagius **geglo het dat so 'n** persoon wel kan verlore gaan, indien hy weer sonde doen. In die sestiende eeu het die stryd in Holland tussen die Calviniste en die Remonstrante opgevlam. Die Calviniste het "Augustinus" se standpunt ondersteun soos bovermeld. Die Remonstrante het Pelagius ondersteun.

1. Lucifer: -was sondeloos en het in die weë van God gewandel tot hy gesondig het [Eseg 28:11-17] Lucifer was dus die eerste sondaar gewees, en het dus van die Genade van GOD verval. Luk 10:18 Toe sê Hy (JESUS) vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel "Die derde of hoogste hemel; 2 Kor 12: 2(b)" sien val.

Sonde het in die Hemel ontstaan. Dit is waar Lucifer en sy trawante in opstand gekom het teen die ALMAGTIGE.

Die drie magtige engele volgens die BYBEL; **Gabriël, Migael en Lucifer**. Elkeen met 'n derde van die engele onder sy beheer. Lucifer wou die orde van GOD omswaai van dien na heers, wat sy val beteken het saam met die derde van die engele onder sy beheer, wel bekend as Demone- "Demons". (Sien ons boekie "Die val van Lucifer")

Eseg 28:11 **Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:**

Eseg 28:12 **Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE:** Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.

Eseg 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.

Eseg 28:14 **Jy was ‘n gérub** met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek **het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy**; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.

Eseg 28:15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.

Eseg 28:16 Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!

Eseg 28:17 Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.

Hy het God NIE MEER behaag nie en is uit die hemel gewerp:

Jes 14:12 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! **Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies!**

Jes 14:13 **En jy het in jou hart gesê:** Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

Jes 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Luk 10:18 **Toe sê Hy (JESUS) vir hulle: Ek het die Satan soos ‘n bliksem uit die hemel sien val.**

Joh 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af** en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy **ëie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.**

Hy is gedoem tot die ewige hel:

Mat 25:41 **Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.**

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

2. Heilige Engele: - 'n Derde van God se heilige engele het saam met Lucifer teen God gerebelleer,

Open 12:3 **En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak** (Lucifer) met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;

Open 12:4 en sy stert het die derde van die sterre [= engele] van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. en word saam met Satan gedoem tot die ewige hel.

Jes 24:21 **En in dié dag** sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde;

Baie van hierdie engele het nog die ekstra sonde van ontug gepleeg en is nou in die hel. Engele voor die Sonvloed wat hulle eie beginsels nie bewaar het nie, en by die dogters van die mens ingegaan het Gen 6:4. Hieruit het die REUSE ontstaan "NEPHILIM". Daar moet duidelik verstaan word dat hierdie engele wat voor die Sonvloed gesondig het in die Noagitiese tyd nie met die ander gevalle engele, demone en duiwels wat steeds los rondbeweeg, verwar word nie.

2Pet 2:4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, **maar hulle in die hel gewerp** en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; (Engele wat gesondig het voor die Sonvloed in die Noagitiese tyd is huidiglik in die onderwereld "Tartarus" 'n plek diep in die aarde iewers onder die doderyk) **"Sien middelbladskets"**

Die inmenging van hierdie bonatuurlike wesens, met uitsondering van Noag en sy gesin, wou die saadlyn van die Messias vernietig het, dus maak die Sonvloed vir ons sin. Dit was dan die enigste manier hoe GOD die saadlyn van die Messias kon beveilig.

Jud 1:6 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; [Tartarus]

Jud 1:7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehooreer en agter vreemde vlees **aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.**

Engele word genoem ‘seuns van God.’

Gen 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is,

Gen 6:2 sien die seuns van God "Engele" dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. " Volgens die Bybel; Engele net in manlike geslag"

Gen 6:3 Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.

Gen 6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. { Lees ons Boekie ; Engele - Diensknegte van GOD }

" NEPHILIM" = Heb woord vir REUS -- GIANT !!



Job 1:6 En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.

Ten spyte daarvan dat hulle ‘seuns van God’ genoem word, is dié wat gesondig het in die hel gewerp met ander woorde, **“seunskap” is geen waarborg vir die hemel nie.** [Hierdie Heilige Wesens van GOD wat gesondig het, en van die Genade van GOD verval het is nie van die OORDELE VAN GOD GESPAAR

NIE.]

HOE SAL ONS ONTVLUG wat gesondig het en van die Genade van GOD verval het ???

Heb 2:3 " **hoe sal ons ontvlug** " as ons so 'n groot saligheid veronag-saam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het.

3. Demone: - Hulle was ook sondeloos geskape in God se genade en guns. Uit hulle eie verklaring dat hulle straf verdien, is dit duidelik dat hulle verdoem is tot die ewige hel. (Demone kan nie gered word nie, het Hoogverraad gepleeg teen die SKEPPER) Sal ook voor die Groot Wit Troon verskyn na die Duisendjarige Vrederyk Opb 20:11-15

DIE BRUID - Gemeente [Ekklesia] gaan Engele OORDEEL !!!

1Kor 6:2 Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?

1Kor 6:3 Weet julle nie dat **ons engele sal oordeel nie**, hoeveel te meer die alledaagse dinge?

Daar gaan verseker 'n tydperk aanbreek wat die Bruid saam met JESUS op SY TROON sal sit, die **wêreld** asook die **Engele** wat in die Noagitiese tyd gesondig het, en **demone** gaan oordeel.

Opb 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Dit blyk duidelik uit die Heilige Woord dat demone smag om in 'n fisieke liggaam te woon.

Mat 12:43 En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.

Mat 12:44 Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier.

Mat 12:45 Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, (**Nou is hulle agt**) en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal

dit ook wees met hierdie bose geslag.

Die Besetene van Gadara !! Mark 5:1-20

Mar 5:9 En Hy vra hom: Wat is jou naam? En hy antwoord en sê:
Legio is my naam, want ons is baie.

Mar 5:10 Toe smeeke hy Hom dringend om hulle nie uit die land weg te stuur nie.

Mar 5:11 **En dáár teen die berge het 'n groot trop** varke gewei,

Mar 5:12 en al die duiwels het Hom gesmeek en gesê: Stuur ons in die varke, sodat ons in hulle kan vaar.

Mar 5:13 En Jesus het hulle dit dadelik toegelaat; en die onreine geeste het uitgegaan en in die varke gevaar, en die trop—daar was omtrent twee duisend—het van die krans af in die see gestorm en in die see verdrink.

In vers 9 vra Jesus wat is jou naam? En hy antwoord "Legio" want ons is baie. In die tydperk van die Here Jesus het 'n Romeinse legioen bestaan uit sesduisend [6,000] soldate .

In vers 5 Dryf Jesus 6,000 demone uit Legio, binne in 2,000 varke + drie demone in 'n vark.

In verse 3-4 Het Legio sy verblyf in die grafte gehad, geen voetboeie en kettings kon hom bind nie hy het alles uitmekaar geruk.

In vers 5 Nag en dag op die berge geskreeu en homself met klippe stukkend geslaan [Het sodoende probeer selfmoord pleeg.]

In Luk 8:27 Het Legio ook geen klere gedra nie maar naak rondgeloop. Daar is ook vandag baie mense wat dan net soos 'n Legio op die sportvelde rondhardloop NAAK - SONDER KLERE, jongmense se liggame wat nie behoorlik geklee is nie. "Wat 'n verskriklike onreine Gees !! "

Ons Worstelstryd !!

Die Bybel stel dit onomwonde dat die Kind van GOD se stryd en aanvegtinge uit die geesteswereld kom. Want ons Worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bosegeeste in die lug Ef 6:12.

Ons worstelstryd is teen verskeie range van demone, ons het te doen met 'n subtiele vyand. Hy beskik oor duisende maniere om onstabiele Christene te mislei, en is geoefen in die kuns van versoeking. Dit is geestelike vyande. Die gevaar is des te groter omdat ons hulle nie kan sien nie, en hulle ons onverwags kan aanval. Hulle hoofdoel is om Christene te verhoed om Hemel toe te gaan en ons kommunikasie

met die Here te blokkeer.

2Kor 10:3 Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;

2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.

2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.

Luk 9:1 En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep **en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees.**

Menige plekke in die Evangelies het Jesus en SY dissipels dan te doen gehad met bese geeste en duiwels.

Die situasie en lewe vandag, van die Gelowige en die kerk is, dat ons, ons gedurig, in die geesteswereld, in 'n oorlogsterrein bevind.

Geen AK 47, of van die modernste wapentuig ter wêreld, sou enigiets kon uitrig teen die 6.000 demone wat Legio beset het nie. Dit is net die KRAG van GOD in JESUS. { Soos reeds genoem op bladsy 12 dat demone nie gered kan word nie, asgevolg van 'HOOGVERRAAD' teen die ALMAGTIGE SKEPPER JEHOVAH ELOHIM. }

4. Adam en Eva: - is geskape in God se guns en genade.

Gen 1:26 **En God het gesê:** Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Gen 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Gen 1:28 En God het hulle geseën, **en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.**

Gen 1:31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. **En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.**

Hulle het deur sonde van die genade verval en die ewige lewe verloor.

Gen 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. [Geestelike dood] Adam was 930 oud toe hy fisies gesterwe het Gen 5:5

Gen 3:2 En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,

Gen 3:3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. [Geestelik]

Gen 3:4 **Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;**

Gen 3:5 **maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan,** sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

Gen 3:6 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat **hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om** verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

Rom 5:12 Daarom, soos deur een mens (Adam) die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, (Geestelik) en so die dood (Geestelik) tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

Rom 5:13 **want vóór die** wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.

Rom 5:14 Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van **Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.**

Rom 5:17 **Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood** geheers het deur die één, (Adam) veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

Rom 5:18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.

Rom 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die **gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word. (Jesus Christus)**

Rom 5:20 Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorfloedig geword;

Rom 5:21 sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.

Niks is ooit gesê van hul [Adam & Eva] verlossing van sonde nie. Hulle word nie in Heb 11 gelys saam met die geloofshelde nie. Op **die ouderdom van 810 jaar was Adam nog steeds 'n sondaar.** Hy was

‘n ‘seun van God’ [Luk 3:38 die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God.]

Weereens was ‘seunskap’ geen waarborg vir die ewige lewe nie. God belowe om elke engel, demoon of mens te straf wat sondig, ten spyte van enige ‘seunskap, kindskap’ of verwantskap.

5. Adamiete: -Elke mens wat uit Adam en sy nageslag gebore is, is deur hom in sonde gebore. Dit is waarom alle mense eendag moet sterwe. [Rom 5:12-21]

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.

1Kor 15:21 **Want aangesien die dood deur ‘n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens.**

1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe," Geestelik " so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;

Aangesien almal wat deur Adam, van die genade verval het, beveel word om deur Christus die genade van die ewige lewe deelagtig te word, **word dit aanvaar dat dié verval van die genade meer as een keer in ‘n leeftyd kán plaasvind** EN dat dit weer deur Christus herwin kan word.

Efs 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was [Geestelik] deur die misdade en die sondes.

Efs 2:5 ook toe ons dood was [Geestelik] deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—

Joh 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood [Geestelik] in die lewe.

6. Nadab en Abíhu: - Heilige priesters van God - Exo 19:6 En **julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees.**

Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Exo 28:1 **Dan moet jy jou broer Aäron, en sy seuns saam met hom,** uit die kinders van Israel, laat nader kom na jou toe, dat hy vir My die priesteramp kan bedien: **Aäron, Nadab en Abíhu, Eleásar** en Itamar, die seuns van Aäron.

Hulle was afgesny van die guns en genade van God, weens sonde. Hulle het uit die genade van GOD verval.

Lev 10:1 **En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle**

nie beveel het nie. [tot vers 20]

Num 3:4 Maar Nadab en Abíhu het gesterwe voor die aangesig van die HERE toe hulle vreemde vuur voor die aangesig van die HERE in die woestyn Sinai gebring het, en hulle het geen kinders gehad nie; maar Eleásar en Itamar het die priesteramp bedien voor die oë van hulle vader Aäron.

7. Korag, Datan en Abiram; - en ander eens heilige mense is deur sonde afgesny van God en het lewendig na die doderyk afgedaal.

Num 16:1 En Korag, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met Datan en Abíram, **seuns van Eliab, en On, die seun van Pelet, seuns van Ruben, het manne geneem,**

Num 16:2 en hulle het opgestaan voor die oë van Moses saam met twee honderd en vyftig man uit die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, manne van naam.

Num 16:3 En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die HERE is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die HERE?

Num 16:31 En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, skeur die grond wat onder hulle was.

Num 16:32 en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed.

Num 16:33 **So het hulle dan met alles wat hulle s'n was, lewendig na die doderyk afgedaal;** en die aarde het hulle oordek, en hulle het omgekom uit die vergadering.

8. Saul: - wat 'n verandering van hart ondergaan het en die Heilige Gees ontvang het.

[1Sam 10:9 En net toe hy sy skouer draai om van Samuel af weg te gaan, het God sy hart verander, **en al hierdie tekens het op dié dag uitgekome.**

1Sam 10:10 **Nadat hulle daar by Gíbea gekom het, ontmoet hom meteens 'n groep profete,** en die Gees van God het oor hom vaardig geword, sodat hy onder hulle geprofeteer het.

1Sam 10:11 En toe elkeen wat hom van gister en eergister af geken het, sien dat hy saam met die profete profeteer, het die mense die een aan die ander gesê: Wat het tog gebeur met die seun van Kis? Is Saul ook onder die profete?]

Hy het in spiritualisme verval.

1Sam 28:8 Daarop het Saul hom onkenbaar gemaak en ander klere aangetrek en weggegaan, hy en twee manne saam met hom. En toe hulle in die nag by die vrou aankom, sê hy: Voorspel tog vir my **deur die gees van 'n afgestorwene en laat vir my opkom die een wat ek jou sal noem.**

God het die Heilige Gees van hom onttrek.

1Sam 16:14 Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik.

Saul sterf – **'n selfmoordenaar en vervloek deur God.**

1Sam 31:4 **En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin.**

1Kron 10:13 En Saul het gesterwe (1) weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het, (2) weens die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; (3) en ook omdat hy die gees van **'n afgestorwene om inligting gevra het,**

1Kron 10:14 maar die HERE nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Isai. [Saul het van die Genade van GOD verval- en nooit weer na GOD terugkeer nie.]

9. Baie volgelinge van Jesus: - het Hom en Sy genade verlaat en Hom nie langer gevolg nie.

Joh 6:66 Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.

Joh 6:67 Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?

Hulle het net vir 'n rukkie geglo.

Luk 8:13 **En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo,** en in die tyd van versoeking val hulle af.

Mat 13:20 by wie op rotsagtige plekke gesaai is dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem;

Mat 13:21 maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.

En Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Daarna het hulle weer verval van die genade.

Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,

Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.

Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

So was daar baie mense wat verval het van die Genade van GOD. "hulle het BEGIN" maar nie volhard tot die einde nie.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word

Luk 9:62 En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.

Duisend mense deur die eeue heen se hand was aan die PLOEG GESLAAN, maar net soos LOT se vrou het hulle AGTERTOE GEKYK. [Terug na Sodom die sonde en plesier van die wereld]

Luk 17:32 Dink aan die vrou van LOT. { Wat van die genade van GOD verval het }

Die onvrugbare en droë loot !!!

Joh 15:2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.

Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

10. Judas Iskariot: - Toe Jesus vir Judas aangestel het, was daar niks met hom verkeerd nie.

Mar 3:14 En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek
Mar 3:19 en Judas Iskáriot, hy wat Hom verraai het.

Judas het deur sonde afgewyk van die apostelskap en bediening.

Hand 1:25 om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. [Hoe **kon hy afwyk as hy maar altyd 'n sondaar was, soos sommige beweer?**]

Satan het in Judas ingevaar teen die einde van Christus se **bediening, wat bewys dat hy nie altyd maar 'n gesant van die** duiwel was nie.

Luk 22:3 **En die Satan het in Judas gevaar, wat Iskáriot genoem word** en wat uit die getal van die twaalf was.

Hy het terug geval en 'n dief geword:

Joh 12:6 **En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was** en die beurs gehad het en die bydraes geneem het.

'n Duiwel:

Joh 6:70 Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? **En een van julle is 'n duiwel!**

'n Verraaiër!

Joh 18:2 En Judas, sy verraaiër, het ook die plek geken, omdat Jesus daar dikwels met sy dissipels saamgekom het.

Judas het dus uit die genade van GOD verval, en sterf as 'n selfmoordenaar deur homself te gaan ophang. (Mat 27:5)

11. Ananías en Saffíra: - was gered en een van hart en siel met die kerk, totdat hulle ooreengekom het om vir die Heilige Gees te lieg en gesterf het.

Hand 5:4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

Hand 5:5 **En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het.**

Hand 5:9 **En Petrus sê vir haar:** Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.

Hand 5:10 Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

12. Die Galasiërs wat in die Gees begin het: - het die Heilige Gees ontvang, maar was spoedig verwyder van Christus en Sy genade.

Gal 1:6 Ek wonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, **na 'n ander** evangelie toe,

Gal 1:7 terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.

Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. [Dit is ook 'n terugkeer na Judaïsme "Die Wet" Gal 5.]

Paulus praat hier met Joodse Christene wat Jesus verwerp het, en 'n keuse van Judaïsme uitgeoefen het. Paulus moedig hulle dus aan om vas te staan in die vryheid waarmee Christus hulle vrygemaak het. En hulle nie weer onder die juk van diensbaarheid te bring nie.

Gal 3:1 o, Onverstandige Galasiërs, wie het julle betower (Getoor) om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?

Gal 3:2 Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?

Gal 3:3 Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? [Verval van die Genade]

Hierdie mense verwerp Jesus Christus doelbewustelik en maak Hom openlik tot skande. Daardeur kruisig hulle Hom weer en maak self die pad na herstel TOE, omdat hulle die enigste weg van verlossing verwerp het. {Hierdie Galasiërs het van die Genade verval na Judaïsme}

13. Demas: - 'n Prediker in die vroeë kerk.

Filemon 1:24 ook Markus, Aristárchus, Demas en Lukas, my mede-arbeiders.

Hy het teruggekeer na die sonde.

2Tim 4:10 Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het, en het na Thessaloníka vertrek, Crescens na Galásië, Titus na Dalmásië.

Jas 4:4 **Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**

Demas het dus Geestelike owerspel gepleeg, en van die genade van GOD verval.

1Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh 2:16 **Want alles wat in die wêreld is**—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe— is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

1Joh 2:17 **En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid**, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

14. Himenéüs en Alexander: - het aan die geloof

skipbreuk gely.

1Tim 1:19 **en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou**. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely,

1Tim 1:20 onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

Hulle geloof het skipbreuk gely omdat hulle gesê het dat die opstanding reeds plaasgevind het. Paulus sê dat hy hulle aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

So het Himenéüs en Alexander ook van die Genade van GOD verval.

15. Baie ander het geld lief gekry en afgedwaal van die geloof: -

1Tim 6:10 Want **die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels**; en omdat sommige dit begeer, **het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor**.

1Tim 6:21 waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof **betref, op 'n dwaalweg geraak het.** Mag die genade met jou wees! Amen.

Mat 6:24 Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!

" Mammon" Die Gr. vorm van n Aramese woord wat weelde, rykdom beteken en in die N.T. as die verpersoonliking van geldsug - hebsug gebruik word. { HAT woordeboek: Mammon = Rykdom gesien as 'n god, en dus 'n kwade invloed; geldgod. }

16. Himenéüs en Filétus: - het van die waarheid afgedwaal.

2Tim 2:16 Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid,

2Tim 2:17 en hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is,

2Tim 2:18 wat van die waarheid afgedwaal het, **omdat hulle sê** dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om.

17. Afvalliges: - was gered, maar het van die geloof afvallig geword. AFVAL ; Gr = APOSTASIA. Eng King James " Falling away "

Rom 1:21 omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Heb 6:6 en afvallig geword het—**om dié weer tot bekering te vernuwe,** omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,

Heb 10:27 **maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed** wat die teëstanders sal verteer.

Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder

ontferming op die getuienis van twee of drie;

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

2Pet 2:20 Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.

2Pet 2:21 Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.

2Pet 2:22 **Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.**

Daar is GEEN ONVOORWAARDELIKE verbond in die Skrif nie. In 1Kron 22:10 belowe God om Salomo se troon oor Israel vir ewig vas te stel, MAAR dis gebasseer op GEHOORSAAMHEID aan GOD.

[1Kron 22:10 **Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en hy sal vir My 'n seun wees, en Ek vir hom 'n Vader;** en Ek sal die troon van sy koningskap oor Israel bevestig tot in ewigheid.]

Teruggeval!!!

1. Eseg 18:24 Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? **Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het,** en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. Eseg 18:26 As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; **deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy.** " Het uit die Genade van GOD verval "
2. Eseg 33:12 **En jy, mensekind, sê aan die kinders van jou volk: Die geregtigheid van die regverdige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie;** en aangaande die goddeloosheid van die goddelose, hy sal daardeur nie struikel op die dag as hy hom van sy

goddeloosheid bekeer nie; en **die regverdige sal deur sy geregtigheid nie kan lewe op die dag as hy sondig nie.**

Eseg 33:13 **As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg, dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe.**

Eseg 33:18 **As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sal hy ten gevolge daarvan sterwe.**

3. 2Pet 2:21 Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.
4. Gemeente van Éfese: Open 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

Eenmaal gered, altyd gered ??

In die lig van bovermelde skrif, wat dan van die hiper - Calvinistiese opvatting van 'een maal gered, altyd gered'? Jesus het van Sy dissipels gesê; My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My, Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie (Joh 10:27-28) Die versekering wat Jesus in hierdie skrif gemaak het, is dat geen eksterne mag jou uit God se hand kan ruk nie.

Die duiwel kan ons nie uit die hand van God ruk, tensy ons doelbewustelik met hom saamwerk nie. Ons kan egter self, deur ons eie keuse toelaat dat ons uit die hand van God geruk word, soos reeds gemeld in al bogenoemde legio skrifte.

Die standpunt van Arthur Pink !!

n Calvinis, Arthur Pink, het die volgende oor Joh 10:27-28 gesê , wat deur baie van sy mede -Calviniste as waarborg geneem word dat geen Christen ooit weer verlore kan gaan nie, al doen hy ook wat. Dit is n dodelike en verwerplike dwaling wat vandag algemeen verkondig word, naamlik dat n sondaar wat Christus aangeneem het, nooit verlore kan gaan nie, ongeag hoe hy daarna leef. Dit is n duiwelse leuen omdat dit direk in stryd met die Woord van die waarheid is. Iets meer as blote geloof in Christus is nodig as mens seker wil weet dat jy eendag in die hemel uitkom. Joh 8: 31 As julle in My woord bly is julle waarlik My dissipels.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet,

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

